**VAN DIE ELJADA HUIS SE TAFEL**
**'N NUUSBRIEF 6 Junie 2013**

Dagsê Almal
Die weke vlieg verby en ons raak stil voor ons Skepper elke oggend om dankie te sê vir Sy genade.
Dié huis het ook maar sy kruis en ons worstel elke oggend rondom die skuldgevoelens van ons oortredinge. Elkeen van ons is vanoggend weer bewus gemaak uit Mat. 19 oor die egskeiding probleem. Die trane het gevloei soos die verlede en hede elkeen oorweldig het. *Dankie Vader dat U Seun vir ons gesterf het sodat ons daardeur gered kan word want ons staan so skuldig voor U* – was ons gebed vanoggend. ***Amen***
Ons het verlede Vrydag begin met 'n nuwe projek wat ook deel van ons produkte vir die ***2 November 2013 Markdag*** gaan wees naamlik om te quilt. Dankie Jeanette Botha – 'n nuwe lid van GK Rietvallei wat haar kosbare tyd aan ons beskikbaar gemaak het. Ons waardeer dit opreg en nou kan ons die nuwe Bernina Quilt masjien ook inwy. Ek sit self saam met almal om die tafel om te leer en geniet dit terdeë. Ons soek dus nou asb. katoenlap wat lekker stewig is om mee te werk asook "batting" wat in die quilt proses gebruik word. Baie dankie byvoorbaat.
Ons "doodle" nog te lekker en benodig nog kantjies en kraletjies om te kan gebruik. Kort afval stukkies is heeltemal geskik daarvoor. Die eindproduk gaan werklik iets besonders wees. Spaar solank.
Ek het 'n probleem wat 'n paar rand kan oplos. Ek benodig die Bernina se digiteringsprogram wat R14 690 gaan kos wat 'n spesiale prys vir ons is teenoor die R19 890 wat die normale kleinhandelprys is. Die aanbod vanaf Bernina is egter net geldig tot 5 Julie 2013 waarna die pryse weer opgaan. Indien u my daarmee kan help sal dit opreg waardeer word want dan stel dit my instaat om die een werkie wat ek nou met moeite moet verkry ook self te doen by die Eljada huis. Ons kan dan ook baie meer ontwerpwerk doen vir die 2 borduurmasjiene. Tans werk die 2 masjiene werklik 8 uur per dag met die maak van die knielkussings en so tussenin ook ietsie anders soos spoegdoekies waarop ons 'n prentjie borduur en dan die selfoonsakkie wat die dames spesiaal vir my gemaak het met die mooiste ontwerp op. Selfs die Bernina dames was verstom toe hulle dit sien. Hier is werklik groot talent wat besig is om te ontwaak. Ek wil weer dankie sê vir elkeen wat bydra om hierdie geleenthede vir die swaarkry mense te skep. Die eiewaarde groei in die proses en selfs diegene wat net kussings stop, doen dit met algehele oorgawe en kom spog gedurig "Ons het vandag soveel kussings gestop", en hulle is kinderlik gelukkig oor hul prestasies.
Dis word al kouer en ek wil graag weer vra vir die warm sakke asb.
Ons is saam met die UP se Polikliniek ook besig met 'n ander gemeenskapsprojek wat 'n groentetuin en sopkombuis gaan insluit. Van die dames is reeds besig met opleiding daar om Cummunity Health Care Workers te word. So kan hulle dalk salarisse verdien maar dit is nog in proses. Ek benodig vir die dames wit bloesies, navy langbroeke en gemaklike skoene vir wanneer hulle gaan begin stap om die werk te doen. Die UP wil graag dat die mense professioneel lyk wanneer hulle aan die gemeenskap se huise se deure begin klop. Meer inligting later.

**Ons daaglikse "brood" behoeftes:**

- Blikkies – vleis, vis en groente
- Soja, rys, macaroni en spaghetti
- Koffie, tee, suiker en boksmelk
- Broodsmere – margarien, konfyt, . stroop, grondboontjiebotter, Bovril
- Kookolie, eiers en koekmeel
- Vars vleis, groente en vrugte
- Toiletware – badseep, tandepasta, sjampoe, spuitgoed, aanrol, skeer messe, sanitêre doekies, handeroom, toiletpapier, waspoeier, sunlight seep en vadoeke.

Knielkussings beskikbaar by:
***Faith 0823346384 / faith@faithduriekussings***

Ons bankbesonderhede :
***Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001***

Ons adres:
***Eljada Huis***
***Boekenhoutkloof straat 949, Claremont.***
***T – 012 377 0503***
***S – 072 855 8289 Annatjie***
***S – 076 738 2623 Petro***
***eljadahuis@mweb.co.za***
***www.eljadahuis.weebly.com***

**Eljada Huis groete. Annatjie**